



INTERSTELLAR: ORIGINAL MOTION PICTURE SOUNDTRACK – HANS ZIMMER

Dreaming of the crash; Cornfield chase; Dust; Day one; Stay; Message from home; The wormhole; Mountains; Afraid of time; A place among the stars; Running out; I'm going home; Coward; Detach; S.T.A.Y.; Where we're going.

Musiek gekomponeer deur Hans Zimmer in samewerking met 'n ad hoc-orkester, Roger Sayer (orrel) en die London Voices o.l.v. Ben Parry en Terry Edwards.

WaterTower Music (CD 71:38)

Engelse kommentaar ingesluit.

Opnames: Lyndhurst Hall, AIR Studios en Temple Church, Londen (2014).

Wens 'n verskeidenheid van redes is *Interstellar*, met die gerespekteerde Christopher Nolan as regisseur, een van my gunsteling films van 2014. Een van die redes hiervoor is ongetwyfeld die indrukwekkende klankbaan deur Hans Zimmer waarin hierdie bekroonde komponis ryklik van 'n pyporrel gebruik maak.

Om die pyporrel in film te hoor is sekerlik nie vreemd nie, maar die instrument word tog so gereeld geassosieer met monsters en booswigte. Dink hier byvoorbeeld aan Davey Jones (die seemonster in *Pirates of the Caribbean: Dead man's chest*), die opera-liefhebbende skurk in *Phantom of the Opera* en Captain Nemo in *20 000 Leagues under the sea*. Wanneer die pyporrel se klankkleur-moontlikhede (hiermee bedoel ek meer as net die gebruikelike plenum klanke vir verminderde vierklank-akkorde) kundig aangewend word, beskik hierdie instrument oor die potensiaal om 'n wye verskeidenheid van atmosfeer uit te beeld. Die instrument is dus ideaal vir gebruik in klankbane – hiervan getuig die swart-en-wit stilflimgenre juis.

Zimmer begryp die orrel se potensiaal en het dit reeds in die *Batman* films begin gebruik. In *Interstellar* is die orrel selfs méér op die voorgrond, intendeel, die eerste sketse van Zimmer se komposisies vir hierdie film is slegs vir klavier en orrel neergeskryf. Die pyporrel is as 't ware die sentrale instrument waar rondom Zimmer die klankbaan gekomponeer het.

“By the 17th century the pipe organ was the most complex machine invented, and it held that number-one position until the telephone exchange. Think about the shape of it as well: those pipes are like the afterburners of space ships. And very little, other than Gothic horror movies, has recently been written for the pipe organ. All over the world you have these magnificent machines. You stand next to them and you can hear the giant that is breathing;” vertel Zimmer in 'n onderhoud op www.filmmusicsociety.org oor die klankbaan.

Nolan en Zimmer het gelyktydig aan die skiet van die film en die skep van die klankbaan gewerk. Soos wat Nolan 'n toneel klaar verfilm het, het Zimmer die klankbaan vir daardie betrokke toneel voltooi, aanvanklik slegs met sintetiseerders wat Zimmer later met werklike instrumente (34 strykkers, 24 blasers, 4 klaviere, 'n pyporrel en 60-stem koor) vervang het. In sy soeke na die “regte” orrelklank het hy afgekom op die vier manueel Harrison & Harrison orrel (1926) in die 12e eeuse Temple Church in Londen asook dié kerk se orrelis, Roger Sayer.

Saam met Sayer het Zimmer die orrel se timbres ontgin totdat beide tevrede was met die kleure en klanke. Dit is opvallend in die klankbaan: 'n vulstemme, solo tongwerke en die tutti-klank vir die indrukwekkende ontbrandingstoneel waartydens die ruimtetuig die aarde verlaat. Die orrelpartye is opvallend virtuos en Sayer oortuig met karaktervolle uitdrukking. In die *Imax* teater met sy voortreflik ingerigte “surround sound” laat die groter-as-werklikheid beelde en imponerende klanke die toeskouer asemloos, selfs die grootste anti-wetenskapfiksie filmganger kan hierteen nie weerstand bied nie.

Die toets van enige goeie klankbaan is natuurlik of dit selfstandig sonder die geassosieerde filmmateriaal kan voortbestaan. Zimmer het egter al met temasiek vir *Lion king* en *Gladiator* bewys dat die deuntjie bly draal (met apologie aan Koos du Plessis), selfs na die sogenaamde “end credits”. Te midde van (alreeds) verskeie benoemings vir die oorspronklike klankbaan vir *Interstellar* sal die verloop van tyd, soos gewoonlik, bepalend wees.

Die klankbaan word egter sterk aanbeveel vir enige orrel-entoesias. Ek hoop verdere komponiste volg in Zimmer se voetspore in die innoverende en kontemporêre gebruik van die pyporrel.